

Die Afrikaanse Eisteddfod

Naklanke van die Musiekafdeling

Deur JOH. LUIJT.

DIS merkwaardig met watter reuseskrede die Afrikaanse Eisteddfod vooruitgegaan het sinds die oprigting, en nou so 'n vaste grond verkry het. Toe in 1927 die S.A.O.U. die noodsaaklikheid insien om die Afrikaanse Eisteddfod van die Engelse af te skei, om sodoende 'n ruimer veld te kan belê wat die Afrikaanse Eisteddfod ten goede sou kom, is die poging skouerophalend gedoog. Maar die S.A.O.U. was tevrede met die uitslag. Die tweede jaar, 1928, het 'n groot vooruitgang in die aantal inskrywers gesien, en die skouerophaal van 1927 het oorgegaan in 'n goedmoedige glimlag, begelei deur die gesegde: „'n Mens moet die goeie bedoeling waardeer.” En DIE HUISGENOOT het die deel van die bevolking wat die Afrikaanse Eisteddfod 'n kortstondige lewe voorspel het, maar goedmoedig laat glimlag—en het voortgewerk. Dat in die goeie rigting voortgewerk is, het die bo verwagting groot sukses van hierdie jaar bewys. Het die inskrywings van 1927 omtrent tweehonderd bedra, vanjaar was die aantal ver oor die vyfhonderd. Waar moet die geheim van so 'n sukses gesoek word? In die samewerking van die Bestuur. Hier het hulle gevoel dat almal streef na een groot doel: die aanmoedig, die bevorder van eie kuns. Die werk van die Bestuur was liefdewerk, en die lede het met liefde gewerk.

Die pragtige, geleidelike verloop van die Eisteddfod, sonder êrens 'n stootjie, is in hoofsaak te danke aan die buitengewoon takvolle en onvermoeide optree van die beide Sekretarisesses; hulle dra die leueaandeel in die sukses.

Die doel van 'n Eisteddfod is die aanmoedig van koorsang. Daaruit is verder ontstaan die voordra van solo-stukke, om verborge talent te ontdek. In Wallis, waar die oorsprong van die Eisteddfod setel, bedra die getal inskrywings vir kore gewoonlik oor die honderd. Daaraan is 'n driedaagse musiekfees verbind wat aan die end van die verrigtinge plaasvind. Vir 'n dergelike musiekfees was hierdie jaar deur 'n koor, bestaande uit seshonderd lede wat vierkeer per week vir verskeie maande bymekaargekom het om te oefen, in studie geneem die *Mattheus-Passion*, Bach, *Elias*, Mendelssohn, en *The Dream of Gerontius*, Elgar.

In die Afrikaanse Eisteddfod het die Skoolkore, asook die Aksieliedjies, uitmuntend aan die oproep vir inskrywings voldoen, maar die Gemengde Kore het iets te wense oorgelaat. Wanneer slegs een koor inskryf, is daar geen sprake van mededinging nie. Die optree van die Afrikaanse Gemengde Koor was 'n besliste sukses, dank sy die welwillende medewerking van soveel mooi jong en geoefende stemme. Maar

'n mededinging van vyf Gemengde Kore en vyf Dameskore sou die saak baie belangriker gemaak het.

Ook in die Afdeling Kerkmusiek was daar slegs een inskrywing, terwyl Kaapstad en omstreke tog so veel kerkkore besit. Daar is bykans geen kerk sonder koor nie.

Die Amateurorkes, onder leiding van mnr. Karlsen, is 'n nog baie jong samestelling, maar het uitstekende werk verrig. Hulle sal seker nie versuim om volgende jaar weer mee te ding nie. Mag meer hul voorbeeld volg!

Soos reeds aangemerkt, bring 'n Eisteddfod menige veelbelowende talent aan die dag waarvan ons anders miskien nie sou gehoor het nie. Ons noem hier in die eerste plaas mej. Esther Mentz, 'n leerling van die Konserwatorium vir Musiek op Stellenbosch. Sy het drie eerste pryse behaal, 'n silwermedalje, en aan haar is die studiebeurs, groot £10, toegeken as synde die mees belowende mededinger in die Afdeling Solosang. Mej. Mentz is nog baie jonk, dog haar stem besit al die eienskappe vir 'n skitterende operasangeres. Sy moet haar egter bedink dat hier gepraat word van belofte vir die toekoms. Vir die oomblik moet sy haar egter hoed vir forseer; 'n forseerde stem neem jare om weer op die goeie spoor terug te kom.

Wat 'n hoë standpunt samesang kan verkry, het die dames Steytler en Clack in hul tweesang „Die Meerminne,” van Piusuti, bewys. Dié dames het hul jarelank geoefen in saamsing, en wen orals waar hul meeding, eerste pryse. Deur hul fyn afgewerkte tegniek, musikale frasering en deurvoelde voordrag gaan die twee stemme heeltemal in mekaar op. Hulle nommer was een van die mees artistieke van die aand.

Die Afdeling Komposiesies was vanjaar nie gunstig nie. Met uitsondering van 'n paar komposiesies waaraan 'n tweede en derde prys toegeken is, was die insendings van baie swak gehalte. Egter, 'n lied „Die Roos,” deur Marais, Bedford, woorde van A. G. Visser, is deur die beoordelaars, mnr W. J. Pickerill en dr. P. Swanepoel, as 'n buitengewoon goedgeslaagde komposisie beskou vir 'n mooi melodiese gang en uitstekende musikale vorm.

Onlangs is die lied voorgedra op die A. G. Visser-Aand wat die Oranjeklub gehou het. Die komposiesie het sodanig in die smaak geval dat die lied herhaal moes word.

Dat die Komitee dikwels met amper onoorkoomlike moeilikhede te kampe gehad het, en elke slag iets gedreig het om te sal misluk—daarvan het die buitewêreld niks gemerk nie. Maar dit maak nie saak nie. Eind goed, alles goed! Ekselsior!